

RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2015



PSG GROEP BEPERK

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE styg met **42%** tot **355 sent** per aandeel

TUSSENTYDSE DIVIDEND styg met **82%** tot **100 sent** per aandeel

SOM-VAN-DIE-DELE-WAARDE van **R209,35** per aandeel op 7 Oktober 2015

STERK OPERASIONELE PRESTASIE VANAF ALLE BELEGGINGS

OORSIG

PSG Groep Bpk ("PSG") is 'n beleggingshouermaatskappy met onderliggende beleggings wat bedrywig is in industrieë soos bankwese, onderwys, finansiële dienste, voedsel en verwante sake, en privaat ekwiteit. PSG se markkapitalisasie (netto van tesourie-aandele) is ongeveer R50mjd, en sy grootste belegging is 'n belang van 30,7% in Capitec. Al PSG se sleutelbeleggings het gedurende die oorsigtydperk van ses maande sterk presteer.

RESULTATE

Die twee sleutelmaatstawwe waaraan prestasie na PSG se oordeel gemeet moet word is die *som-van-die-dele* ("SVDD")-waarde en *herhalende wesensverdiens*te per aandeel.

SVDD

Die berekening van die SVDD-waarde is eenvoudig en vereis beperkte subjektiwiteit, aangesien 83% van die waarde bereken word deur JSE-genoteerde aandeelpryse te gebruik, terwyl ander beleggings teen markverwante waardasies ingesluit word. Op 31 Augustus 2015 was die SVDD-waarde per PSG-aandeel R196,85 (28 Februarie 2015: R163,28). Op 7 Oktober 2015 was die SVDD-waarde R209,35 per aandeel.

Bate/Las	28 Feb 2014	28 Feb 2015	31 Aug 2015	7 Okt 2015	% van totaal
Capitec*	5 989	14 549	17 134	19 694	43%
Curro*	4 660	6 236	7 515	8 120	18%
PSG Konsult*	4 004	5 710	6 635	6 168	14%
Zeder*	1 698	3 712	3 797	3 719	8%
PSG Private Equity*	949	1 246	1 394	1 380	3%
Dipeo (voorheen Thembeka)*	1 243	603	789	821	2%
PSG Corporate (PSG Capital ingesluit)**	383	1 398	3 312	3 312	7%
Ander bates (kontant en voorkeuraandeel-beleggings ingesluit)^	1 122	2 031	2 392	2 373	5%
Totale bates	20 048	35 485	42 968	45 587	100%
Ewigdurende voorkeuraandeelbefondsing*	(1 393)	(1 411)	(1 363)	(1 398)	
Ander skuld*	(615)	(679)	(1 053)	(1 062)	
Totale SVDD-waarde	18 040	33 395	40 552	43 127	
Aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)	189,9	204,5	206,0	206,0	
SVDD-waarde per aandeel (R)	95,01	163,28	196,85	209,35	

* Genoteer op die JSE Bpk * SVDD-waarde ** Waardasie ^ Boekwaarde

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

	Jaar geëindig		Ses maande geëindig		Verandering %
	Feb 2015	Aug 2014	Aug 2015	Aug 2015	
Capitec	729	332		451	
Curro	31	15		29	
PSG Konsult	214	92		116	
Zeder	152	62		75	
PSG Private Equity	59	16		47	
Dipeo (voorheen Thembeka)	45	16			
PSG Corporate (PSG Capital ingesluit)	38	1		41	
Ander	51	20		46	
Herhalende wesensverdiens te voor befondsing	1 319	554	45	805	
Befondsing	(177)	(85)		(84)	
Herhalende wesensverdiens te	1 142	469	54	721	
Nie-herhalende items	432	113		139	
Wesensverdiens te	1 574	582	48	860	
Nie-wesensitems	(14)	(13)		2	
Toeskryfbare verdienste	1 560	569	51	862	

Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)	192,3	187,9	8	203,4
Verdiens te per aandeel (sent)				
- Herhalende wesens-	593,6	249,4	42	354,5
- Wesens-	818,6	309,7	37	422,8
- Toeskryfbare	811,3	302,7	40	423,7
Dividend per aandeel (sent)	200,0	55,0	82	100,0

Wins voor finansieringskoste en belasting het met 52% tot R1,7mjd gestyg, hoofsaaklik weens die verbeterde prestasie van ons onderliggende beleggings en die konsolidasie van sekere filiale vir die eerste keer.

VOORUITSIGTE

Ons glo dat PSG se beleggingsportefeuille steeds bogemiddelde opbrengste in die toekoms sal lewer.

DIVIDEND

PSG se beleid is steeds om tot 100% van vrye kontantvloeï as 'n gewone dividend te betaal, waarvan een derde as 'n tussentydse dividend betaalbaar is en die res as 'n finale dividend met jaareinde. Die direkteure het besluit om 'n tussentydse bruto dividend van 100 sent (2014: 55 sent) vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2015 te verklaar.

Die tussentydse dividendbedrag, na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting, is 85 sent per aandeel vir aandeelhouders wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele op die verklaringsdatum is 221 778 549, en die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9950080714.

Die belangrike datums van hierdie dividenduitkering is die volgende:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Vrydag, 30 Oktober 2015
Verhandeling sonder dividend begin	Maandag, 2 November 2015
Rekorddatum	Vrydag, 6 November 2015
Betaaldatum	Maandag, 9 November 2015

Aandeelsertifikate mag nie tussen Maandag, 2 November 2015 en Vrydag, 6 November 2015, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

ONGEOUDITEERDE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting in die volledige aankondiging wat op Maandag, 12 Oktober 2015 op SENS vrygestel is, en is die direkteure se verantwoordelikheid. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is op PSG se webwerf beskikbaar by www.psggroup.co.za of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en persoonlik verkry word by die maatskappy en sy borg se geregistreerde kantoor. Enige beleggingsbesluite deur beleggers en/of aandeelhouders moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS vrygestel is.

Namens die direkteure

Jannie Mouton
Voorsitter

Piet Mouton
Hoof uitvoerende beampste

Wynand Greeff
Finansiële direkteur

Stellenbosch
12 Oktober 2015

PSG GROEP BPK: Registrasiensnommer: 1970/008484/06
JSE-aandelekode: PSG ISIN-kode: ZAE000013017

DIREKTEURE: JF Mouton (Voorsitter)*, PE Burton*, ZL Combi*, J de V du Toit*, MM du Toit*, FJ Gouws*, WL Greeff (FD)*, JA Holtzhausen*, MJ Jooste* (Alt: AB la Grange), JJ Mouton*, PJ Mouton (HUB)*, CA Otto*, W Theron* *Uitvoerend *Nie-uitvoerend ^Onafhanklik nie-uitvoerend

GEREGISTREERDE KANTOOR: 1ste Verdieping Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600; Posbus 7403, Stellenbosch, 7599

OORDRAGSEKRETARIS: Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001; Posbus 61051, Marshalltown, 2107

BORG: PSG Capital

UDITEUR: PricewaterhouseCoopers Geïnk